

VOLKSDANSE (C)

Graad 6



A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Met die tradisies en kultuur van die Afrikaner vertrouwd te maak.
2. Te laat beseft dat moderne, sowel as tradisionele danse plesier verskaf.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die volgende inligting versamel en die bronne verskaf:
 - 'n Verhaal in die Bybel soek waarna daarna dans verwys word
 - Twee idioome of spreekwoorde, met hul betekenis, opspoor wat met dans te doen het.
 - Vier van die onderstaande lande se kleredrag vir tradisionele danse bespreek.

Griekeland	Pole	Duitsland	Spanje
Italië	Holland	Skotland	Frankryk

2. Kennis dra van die volgende:
 - Die geskiedenis van die Afrikaner se volkspeleedrag.
 - Die agtergrond van die Afrikaner se tradisionele danse.
 - Met watter geleenthede is daar gedans.
 - Die gewoontes en gebruike tydens die dans.
 - Voedsel wat tydens so 'n dansgeleentheid voorgesit is.
 - Die plek waar gedans is.
 - Die tipe musiek en instrumente wat gewild was.
3. Weet hoe die volgende danse en hulle musiek van mekaar verskil:
Kadriel, Masurka, Wals, Seties, Polka, Padika
4. In staat wees om na musiek te luister en dan te bepaal watter soort dansvorm daarby pas.
5. Een dans uit elk van die bogenoemde ses danse aanleer en met selfvertroue uitvoer.

C AANBIEDING

1. Hierdie spesialisasie vra 'n klompie inligting wat versamel moet word, 'n kenner kan ook kom vertel en demonstreer. Dit is bloot om die kind te laat beseft dat dans nie net dit is wat hulle ken en beleef nie. Die kennismaking met die kleredrag van ander lande mag dalk belangstelling in ons eie laat herleef.
2. Vereiste 3. Probeer om beeldmateriaal te bekom wat die verskillende danse illustreer. Luister na verskeie musiekstukke vir elke tipe dans sodat die kinders 'n oor kan ontwikkel en so weet wat gedans moet word. Moenie dit net eenmaal doen nie. Gebruik die *Lekkerdraai* boekie en CD. Herhaling bring verbetering.